Kwartaal 3
Nuusbrief 16/2016

CURRO Castle

Beste Ouers

Dis nooit maklik om totsiens te sê nie en om ʼn onderwyseres te bedank met slegs ʼn paar sinne, gee nie genoeg reg daaraan nie. Deur dit te sê wil ons van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê vir juffrou Margha (Bytjieklas) wat ons op 2 September verlaat. Dankie vir alles wat jy in ons kleuters belê het. Dankie dat jy vir hulle gebid het en hulle onvoorwaardelik lief gehad het. Ons wens jou alles van die beste toe vir julle klein wonderwerk wat wag om gebore te word. Mag hy ook geseën word met ʼn onderwyseres soos jy eendag!

Ons is baie opgewonde vir ons "Inry-teater" Vrydag. Dankie vir al die bokse wat julle stuur vir ons jong ingenieurs om hulle toekomstige motors te ontwerp.

Weereens wil ons JULLE bedank vir die ondersteuning wat julle vir ons *Little hearts* uitreikprojek gegee het, dit het al ons verwagtinge oortref.

ʼn Spesiale woord van dank aan Mnr. Niemand vir die voorsiening van die busvervoer. Dié van julle wat selfs meer gegee het as wat gevra was, sal verseker geseën word deur ons Hemelse Vader.

"What you give to one person overflows into the lives of all the people that person impacts"

Elna Groenewald

Algemene inligting
Belangrike datums:

- **Inry-fliek:** 26 Augustus
- **Snoepie:** 26 Augustus
- **Brandweer:** 2 September
- **Loslit-dag:** 2 September (R10 plakker)
- **Insekte –opvoedkundig:** 15 September
- **Fotodag:** 19 September
- **Boomplantdag:** 1 September.
  - Stuur saam: grafies, emmertjies en indien moontlik, ʼn suurlemoen-, lemoen- of lemmetjieboom. Enige ander boom wat hier aard sal ook waardeer word.

PROUDLY • TROTS
CURRO
CASTLE

Die skool sluit Vrydag, 26 Augustus, om 12:30!!

'n Brief van die hoof van *Little hearts* vroeë ontwikkelingsentrum:

Warm Heart Feeding Projects. NPC /NPO 065-130

Little Hearts (ELC)

Plot 111
Sakabuka Street
Kameeldrift
Tel: 012 548 2355
Cell: 083 440 6636
E-mail: maabotes@iburst.co.za

Aan: Elna Groenewald
Curro Castle Roodeplaat

Van: Alta Botes

Datum: 17/08/2016

INSAKE: UITSTAPPIE NA PRETORIA DIERETUIN OP 17 AUGUSTUS 2016

Hallo Elna,

Van elkeen by Little Hearts (ELC) wil ons baie baie dankie sê vir die donasies en busdiens wat ons van Curro Castle Roodeplaat ontvang het. Elke liewe gesiggie was soos 'n ster in die Hemel vandag. Om hierdie diere in lewende lywe te sien was vir hulle 'n baie groot voorreg. Die diere wat die meeste aandag van hierdie klein gesiggies ontvang het was die Renosters, Olifante, Zebra's, Flaminke en die Wonders van die waters. Die Akwaruim was vir hulle 'n groot opgewondenheid om te sien dat daar regtig 'n iets soos 'n HAAI is.

Baie baie dankie van elke ouer, kind en onderwysertjie van hierdie skooltjie, vir julle wat hulle drome kon waar maak vandag.

Dit is 'n groot voorreg vir ons om julle as ons Engele te hê. Ons heg vir julle 'n paar foto's aan.

Warm groete

Die hele span en kids.

Alta Botes
Stigter

KONTAKBESONDERHEDE

Ontvangs
Tel: 012 8089938/9
Opsie 1 vir Castle
Email: adminr@curro.co.za

Bemarking
Tel: 012 8089938/9
Opsie 6
Email: bemarkingr@curro.co.za

Sport
Tel: 012 8089938/9
Opsie 5
Email: adminr@curro.co.za

Finansies
Tel: 012 8089938/9
Opsie 4
Email: finr@curro.co.za

Little hearts: Dieretuin uitstappie
17 Augustus

KOM EN GENIET 'N HEERLIKE DAG BY FAMILIEKERK NG KAMEELDRIF

KERMIS

3 SEPTEMBER 2016

www.kameeldrif.org • 0127564223 • Info2@kameeldrif.ng.org.za

VANAF 08:00

MTB ROODEPLAAT CHALLENGE
VANAF 07:00

VARS VLEISMARK | ONTBYT

PANNEKOEK | HAMBURGERS | STOKWORSE

WORSROLLE | KERRIE EN RYS | ROOSTERKOEKE

TUISGEBAKTE KOEKTAFEL | SOP EN SJERRIE

PRETPARK | SPOOKHUIS | ROOMYS

SNUFFELHOEKIE | BOEKWINKEL | POEDING

PLANTE | JAFFELS

VETKOEKE EN MINCE VRYDAG
2 SEPTEMBER TE KOOP VANAF 17:00

Roodeplaat Challenge

www.kameeldrif.org

Bring your whole family to enjoy the day with us

70 km Eucalyptus Route starts 07:00
- R250.00 per entry

45 km Hyacinth Road starts at 07:15
- R175 per entry

15 km Lantana Route starts at 07:30
- R75.00 per entry

7,5 km Pom Pom Route starts 08:00
- R50.00 per entry

1,5 km Khakibos Route starts 09:00
- R30.00 per entry

Saturday 3 Sept 2016

70; 45; 15; 7,5 & 1,5 km

Enroll for the Roodeplaat Challenge at
www.jumpertrax.com
Enquiries : Francois 082 781 3158
francoiss@rumas.co.za

FAMILIEKERK
NGKAMEELDRIF